

ons tuisbly kalender

Dag 22 - 17 April

Maak vandag vir iemand in die huis koffie, tee of warm sjokolade sonder dat hulle jou vra.
(Vra miskien wel vooraf vir hulle of jy vir hulle kan maak)

Dag 23 - 18 April

Bak julle gunsteling koekies saam. Besluit om helfte daarvan vir iemand naby aan julle te vat. Maak seker die bakkie is mooi skoon en laat 'n grootmens dit net by hulle hek of deur los.

Dag 24 - 19 April

Doen saam Huisgeloof. Sing 'n paar liedjies saam. Gee vir elkeen geleentheid om te bid.

Dag 25 - 20 April

Gee vir elkeen kans om te antwoord op die vraag: Ek wonder waarna jy die meeste verlang tydens die inperking?
Almal mag eerlik wees. Bid saam daaroor.

Dag 26 - 21 April

Kry n plekkie waar daar toegang tot natuur is - miskien is dit vanuit 'n venster of miskien in n tuin.
Wees tjoepstil en vind:
1 reuk wat jy ruik
3 natuur-geluide wat jy hoor
5 lewende dinge wat jy sien

Dag 27 - 22 April

Vandag is Aardedag (Earthday) Plant 'n saadjie of plantjie in die tuin of in nat watte. (Boontjies groei lekker vinnig). Sorg vir die plantjie in die komende dae.
Sê vandag vir God dankie vir lewe en die Skepping.

Dag 28 - 23 April

Sing vandag 'n vers of refrein van jou gunsteling lof- of aanbiddingslied elke keer as jy hande was.
(Bv. You are with me of This little light of mine)

Dag 29 - 24 April

Familie Fliekaand Besluit saam as 'n gesin wat julle wil kyk vanaand. Probeer iets vind wat almal sal geniet.
Hou 'n behoorlike fliekaand met lekkernye ens

Dag 30 - 25 April

Kies jou/julle gunsteling aktiwiteit op die kalender tot dusvêr (of een wat julle oorgeslaan het) en herhaal dit vandag.

Dag 31 - 26 April

Doen saam Huisgeloof. Sing 'n paar liedjies saam. Gee vir elkeen geleentheid om te bid.

Dag 32 - 27 April

Ruim vandag tyd in vir oefening. Laat almal in die huis saam besluit wat en hoe lank julle gaan doen. Saam of apart? Miskien wil julle strek; bal speel; hardloop (selfs op een plek); dans...?

